TEOLOGIESE NADENKE

Behoort Angus Buchan tot die Zuma-era?

Met die oorgang na 'n nuwe era in ons land - die "*Cyril Spring*" (en ook hieroor sal die tyd ons leer) - vergun ons onsself 'n oomblik van verademing om terug te tree en te reflekteer oor wat met ons gebeur het die afgelope dekade. Sal ons dié tyd onthou vir die korrupsie van Zuma? In Nkandla en onder tradisionele leiers is daar 'n ander opinie en Zuma self kon nie insien wat hy dan verkeerd gedoen het nie. Bygesê, amptelik en openlik kon die ANC ook nie gesê kry waarom besluit is om Zuma so dringend te herroep nie! En toe gebeur dit dat juis in dié dae, Angus Buchan sy droogte-en-sonde oordeel oor die Wes-Kaap fel. Skielik vlam die opinies weer op: herlewingsprediker of vals profeet? En die NG Kerk kan dit nie gesê kry nie.

Daar is 'n dieper ooreenkoms wat Jacob Zuma en Angus Buchan kinders van dieselfde tyd maak. Vir beide was die antwoord op die komplekse vrae van lewe in die 21ste eeu en in 'n samelewing gekonfronteer met diversiteit, globaliteit, digitaliteit én klimaatsverandering, eenvoudig. Naamlik, stel die "voorvadergeeste"/"God van die vaders" tevrede deur terug te keer na tradisionele waardes - vir die een gegrond in 'n vermeende homogene "*African culture*", vir die ander in "*die Bybel wat só sê*"! So sal beide Zuma en Buchan byvoorbeeld die waarde van respek tussen man en vrou beklemtoon in hul siening van "die huwelik" en hul hoorders daartoe oproep, maar dit dan verduidelik in terme van die patriargie en gekleë in 'n stel kulturele gebruike - die een Zulu, die ander Victoriaans, beide sonder bevraagtekening. Wat daarbuite val, is "sonde". En, opmerklik, beide se sieninge is deur vroue goedgepraat en selfs vurig verdedig. Dink ook aan Zuma en Buchan se voorstelling van die geskiedenis van ons land: vir die een is dit 'n verhaal van onreg sedert witmense in 1652 hier aangekom het en moet dit deur onteiening en dekolonialisering omgedraai word, vir die ander 'n verhaal van geloof en geroepenheid en moet "*Suid-Afrika (net) draai na God*", terug na die "*God van die Gelofte*". Een beskuldig die blankes, die ander blameer die duiwel. En by beide - en veral hul navolgers (want populisme speel 'n groot rol)! - is enige kritiese vrae gelyk aan ongeloof, kettery en 'n verbreking van die sosio-ideologiese kode wat bepaal wie "in" en wie "uit" is. Kritici is dislojaal aan die "*people*", of staan buite die "*kingdom of Jesus*..."

Wat kenmerk ons ontwrigte tyd? 'n Soeke na sekerheid en wêreldwyd is die opkoms van fundamentalisme en 'n vlug na die gewaande veiligheid van eenvoudige verklarings - na 'n simplistiese wêreldbeeld en -lewensbeskouing - tekenend daarvan. **Jesus se antwoord aan die skrifgeleerdes was egter dat *ons God moet liefhê met ons hele hart, siel, ons kragte én verstand*** (Matteus 22:38). Nugtere denke en goeie wetenskap is nie van die bose, inteendeel. Dan kán ons mos nie teologies die standpunte van Angus Buchan - soos nou oor die droogte in die Wes-Kaap, sondebelydenis en God se wil - Bybels begrond nie? En kan ons óók nie - omdat ons met die wysheid van 'n Gamaliël saamstem (*"as wat hierdie mense doen, mensewerk is, sal daar niks van kom; maar as dit van God kom, sal julle dit nie kan keer nie"*, Handelinge 5:38-39) - langer versuim om die vrae van medegelowiges in 'n verwarde wêreld vol fopnuus en liggelowigheid, duidelik te antwoord nie. **Die waarheid is nooit liefdeloos nie. Die liefde is ook nie waarheidsontrou nie.**

Jan Lubbe

VDm

21 Februarie 2018